



Die Denand-span. Ferdinand staan links en De Wet regs van hulle pa

Die Hartzenbergs – nog altyd bo-gemiddeld

deur Izak Hofmeyr

Die naam lui 'n groot klok – dr Ferdie Hartzenberg. Ja, hy is eintlik as politikus bekend, maar sy loopbaan as veeboer is ewe indrukwekkend.

Dit is immers veeteelt waarin hy sy doktorsgraad verwerf het. En daardie akademiese agtergrond is baie duidelik as jy met hom en sy twee seuns, Ferdinand en De Wet, oor hulle boerdery begin praat. Hulle teel Bonsmaras en Ile de France-skape onder die Denand-kuddenaam.

“Ons het in 1981 met die Bonsmara-toet begin. Die Bonsmara-beleid in daardie stadium was reeds dat vrugbaarheid en speengewig die twee belangrikste eienskappe van 'n suksesvolle ras moet

wees. Dit is vir hierdie twee eienskappe wat ons van die begin af geselekteer het.

“Amerikaanse navorsers het toe reeds bepaal dat as 'n mens slegs vir speengewig selekteer, jou akkuraatheid soveel as 95% is vir die ander belangrike eienskappe soos voorspeengroei, speengewig en gemiddelde daaglikse toename (GDT) na speen. As jy egter slegs vir een eienskap selekteer, is die genetiese vordering net soveel vinniger.”

Dinge is natuurlik nie so eenvoudig nie, beklemtoon oom Ferdie egter.

Behou 'n balans

“Die feit is dat eienskappe soos geboortegewig, speengewig, naspeen-GDT en voeromset positief korreleer – geboor-

tegewig en speengewig is 70% gekorreleer – wat meebring dat jy maklik in die moeilikheid kan beland met geboortegewig. 'n Mens moet voortdurend 'n balans probeer handhaaf deur elke nou en dan bulle te gebruik om geboortegewig weer in toom te bring.

“Ons selekteer nou doelgerig vir lae geboortegewig, sonder om in te boet op die groeikrag wat ons reeds in die kudde het. Ons wil dus bulle gebruik wat ten opsigte van geboortegewig onder die rasgemiddeld is, maar ons wil deurgaans tien punte bo die rasgemiddeld lê ten opsigte van speengewig.”

Dit maak dinge natuurlik ingewikkeld, sê hy, omdat daar 'n 70% korrelasie tussen die twee eienskappe is. Dit beteken

dat hulle slegs kan selekteer binne die 30% waar hierdie verwantskap nie voorkom nie. En dit maak die seleksieveld vir hulle bulle baie klein. Dan is daar boonop ander seleksiekriteria wat die veld nog kleiner maak, soos inteling en prulfoute.

“Dit is egter ongetwyfeld die moeite werd om maar wel binne die klein veld te bly selekteer. Volgens die Landbounavorsingsraad (LNR) se kuddeprofiel was ons gemiddelde geboortegewig in die jaar 2000 1,5% bo die rasgemiddeld. In 2010 was dit 0,44%. Speengewig, daarenteen, was in 2000 10% bo die rasgemiddeld en in 2009 was dit 12,6%.”

Geboortegewig

“Ons beleid is dat ons slegs diere beskikbaar stel wat ons self sou wou gebruik. As hulle nie aan daardie standaard voldoen nie, slag ons hulle eerder. Die persentasie bulle wat dus op die ou end beskikbaar raak, is baie klein. Ons glo egter dat lae geboortegewig en hoë speengewig kritiese eienskappe vir ’n kommersiële boer is, en hulle is op die ou end die ouens wat die meeste van ons bulle koop.”

Afgesien van die Bonsmarastoet, het die Hartzenbergs ook die grootste Ile de France-stoet in die land. Hulle gebruik presies dieselfde teelbeleid by die skape as met die beeste. Ferdinand bestuur die skape en De Wet die beeste, terwyl hulle die saaiery (mielies en sonneblom) saam beheer.

“Ons mikpunt by die skape is dat ons ’n lam van die ooi af wil laat slag op 120 dae. Dan moet hy sy 20 kg kan uitslag. Uit die aard van die saak sal jy dit nooit 100% kan regkry nie, want daar is mos maar altyd ’n onderste stert, maar ons is tevrede met ons vordering.”

Bemaking en afronding

Die omstandighede wat hulle in die Lichtenburg-omgewing op ’n saaiplaas het, is natuurlik baie voordelig vir ’n skaapboerdery.

“As die lammers aankom net as jy begin stroop, kan jy jou ooie en lammers in die stoppellande injaag. As hulle dan ná vier maande uit die lande kom, kan jy maklik tweederdes van jou lammers klaar bemark. Dis net die stert wat jy eers moet afrond.”

Die Hartzenbergs het 270 stoetkoeie en 330 stoetooie wat meer as 400 lammers gee om elke jaar te speen.

“Uit ’n bestuursoogpunt,” sê Ferdinand, “werk dit vir ons beter om een keer per jaar te lam, en nie twee keer in drie jaar nie. Afgesien van die siklus wat moet saamval met die stroopseisoen, vind ons dat rekordhouding, soos die aanteken van geboortegewigte, die 42-dae-gewig en die 100-dae-gewig maklik inpas by die res van ons bestuurspraktyke.

“Na ’n honderd dae selekteer jy die ramlammers wat vir ’n Fase D-toets kwalifiseer, en uit die ongeveer 75% van die lammers wat die Fase D-toets slaag, kom die visuele inspeksie deur die genootskap. Seker nog ’n 25% lammers word tydens hierdie keuring uitgegooi. Dit beteken dat van al die lammers wat in die Fase D-toets ingaan, slegs ongeveer 50% op die ou end kwalifiseer om as ram verkoop te word. Dit neem omtrent ’n hele jaar voordat jy kan bepaal wat word ’n stoetram en wat word as slagvee verkoop.

Hoekom die raskeuses?

“Prof Jan Bonsma was my mentor op universiteit,” verduidelik oom Ferdie, “en my proefskrif het juis oor die teelprogram op Mara gegaan. Daar was toe nog nie ’n Bonsmara-bees nie, maar die proses was aan die gang. My proefskrif het gegaan oor ’n kombinasie van Afrikaners en Herefords. Die ander rede is doodgewoon omdat ek, toe ons in 1981 begin teel het, gedink het die Bonsmara is die beste vleisbees in die land.

“Prof Jan het my destyds nog gehelp om my eerste beeste te koop. Dit was baie komies, maar ook erg lastig, toe ons by die Bristows van Louis Trichardt se veiling sit en bie, hoe die ander boere net vir ons dop hou en bie op die diere waarop ek bie omdat hulle weet Prof Jan het hulle uitgesoek! Ek kon nie een bees op daardie veiling bekostig nie, en ou John Bristow wen al die pad!”

Vrugbaarheid en groei

“Waar die Bonsmara ’n inheemse sintetiese ras is, is die Ile de France ’n uitheemse ras. Maar ons het hom hier laat aanpas. In 1989 het ek Ile de France-ramme by Alfons Hough gekry en hulle op my Vleismerino-ooie gebruik. Die lammers was besonder mooi. Toe

die aankondiging kom dat die Ile de France se stamboek geslote gaan raak, het ek nog ’n klompie halfkruislammers by ’n vriend van my by Coligny, Piet Oelofse, gaan koop en hulle saam met my eie ooilammers as basissiere ingeskryf.

“By Herman Reinach het ek toe ’n honderd stoetooie gekoop en hulle saam met my halfkruise ingesit en geen onderskeid met meting en seleksie getref nie. Van daardie honderd ooie, het net dertig die seleksieproses oorleef. Vandaar het ons voluit met prestasietoetsing aangegaan – geboortegewig, voorspeengewig, speengewig en in ’n stadium ook Fase C-toetsing. Die resultaat is dat ons een ram hier gehad het wat in ’n 60-dag-toets 704 gram per dag gewigstoename aangeteken het.”

Genetiese vordering

Kyk ’n mens na die amptelike syfers van die bees en skaapkuddes, is dit duidelik dat die seleksie doeltreffend is. Volgens dr Japie van der Westhuizen van die LNR Diereproduksie-instituut op Irene, was die verandering in genetiese meriete van die beeskudde gemiddeld per jaar oor die tydperk vanaf 1990 soos volg:

- **Voerkraalwins:** Denandkudde R4,80/jaar; Ras R2,52/jaar.
- **Koeiwins:** Beide Denandkudde en ras R1,52/jaar.

Volgens hom is die merkwaardige ding dat die Bonsmara-ras se telers suksesvol daarin slaag om vir beide wins in die koeikudde en wins in die voerkraal te selekteer.

“Die Denandkudde is konstant op ’n baie hoër genetiese vlak as die rasgemiddeld vir beide (saamgestelde) eienskappe en slaag steeds daarin om suksesvol vordering te maak vir beide. ’n Mens moet ook in ag neem dat veral koeiwins eers onlangs beskikbaar geword het as eienskap (September 2010) wat beteken dat telers nie direk daarvoor kon selekteer nie; wel vir die komponente daarvan (geboorte-, speen-, agtien-maande- en volwasse gewigte, speen maternaal, ouderdom van eerstekalf- en tussenkalfperiodes).”

Toetsing na speen

Bulle se toetsing na speen, verduidelik De Wet, begin met ’n Fase D- of C-toets. Om te kwalifiseer vir ’n Fase C-toets, moet die bul ’n geboortegewig van 35 kg of minder hê. In BLUP moet die geboortegewig dus minder

as een wees. Die speenindeks moet meer as 100 wees.

Om te kwalifiseer vir 'n Fase D-toets moet die bul se geboortegewig 40 kg of laer wees met 'n BLUP-syfer van onder twee. Die speenindeks moet 100 en meer wees. Slegs bulle wat Fase D- of C-getoets is, word in die kudde gebruik of te koop aangebied.

"Een van die belangrikste eienskappe van 'n skaapras moet vinnige groei wees met 'n goeie voeromset"

Verse se seleksie vind reeds op speen plaas deur middel van indekse. Slegs verse met 'n minimum van 95 en hoër op haar indeks, word teruggehou vir teling. Op agtien maande vind die finale keuring plaas. Die skape, verduidelik Ferdinand, word op presies dieselfde basis behandel.

Goeie voeromset

"Een van die belangrikste eienskappe van 'n skaapras moet vinnige groei wees met 'n goeie voeromset. Denand het sedert 1989 diere op lae geboortegewig, melkproduksie (42-dae-indeks) en groeivermoë (100-dae-indeks) geselekteer. Sodoende word slegs bogemiddelde diere teruggehou vir teling."

By die seleksie van ramme stop die proses egter nie daar nie. Ramme word op grond van 42- en 100-dae-indeks gekies om deel te neem aan 'n Fase D-groeitoets van 60 dae wat deur die LNR gemonitor word. Ramme met 'n indeks van onder 90 in die Fase D-toets word summier geslag. Eers ná inspeksie deur die genootskap, word die ramme te koop aangebied.

Die Hartzenbergs het al drie keer 'n LNR Platinum-toekenning vir hulle bulle gekry. Die vereistes vir hierdie toekenning is dat die bul 'n goue merietetoekenning moes gekry het in 'n Fase C-toets (C1, C2 of C3); en dat die moeder van die bul 'n Elite-toekenning moes gekry het voor of gedurende die jaar waarin die betrokke bul 'n goue merietetoekenning ontvang het.


Daar bestaan geen twyfel dat die Denand-diere, beide skaap en bees, die room van hulle rasse verteenwoordig. Leiers van hulle partye. Maar politiek is dit nie – slegs goeie, wetenskaplike boerdery. **VP**



'n Groep Ile de France-ooie



'n Voorbeeld van die gehalte van die Denand Bonsmaras



OP BESOEK